SAOU
DIE VERANDERING IN ONDERWYS
THE CHANGE IN EDUCATION
NASIONAAL | NATIONAL
saou@saou.co.za t: 012 436 0900 www.saou.co.za
Reg No: LR2/6/2/531

20 April 2026

FORMELE KENNISGEWING: NASIONALE KONGRES

Die Provinsiale Voorsitter en Provinsiale Sekretaris

Met verwysing na die Kongres word die volgende bevestig:

1. Die SAOU Grondwet vereis dat die Kongres elke drie jaar moet plaasvind (Art. 9.3.1(a)).
2. Die Nasionale Kongres is die hoogste gesagsliggaam in die SAOU en volgens Art. 9.1 van die Grondwet, vind dit elke drie jaar plaas.
3. Die SAOU se Nasionale Uitvoerende Raad het tydens sy laaste vergadering op 19 Maart 2026 bevestig dat die Kongres op 24 en 25 Junie 2026 te Premier Hotel, OR Tambo sal plaasvind (Art. 9.3.1(b)).
4. Art. 9.3.1(c) vereis dat 'n formele kennisgewing ten minste twee maande voor die Kongres aan u voorsien word. Hiermee dan 'n formele kennisgewing van die Kongres:
    a. Datums: 24 en 25 Junie 2026.
    b. Tyd:
        i. Dag 1: 11:00 tot 21:30
        ii. Dag 2: 08:00 tot 13:30
5. Geliewe ook kennis te neem dat volgens Art. 9.3.1(d) mosies van provinsies die UB ten minste ses weke voor die Kongres moet bereik. Dié datum is 15 Mei 2026.
6. Dit is ook belangrik om kennis te neem dat die agenda (kongresprogram), die driejaarlikse verslag en die mosies ten minste 14 dae voor die aanvang van die Kongres, aan u voorsien sal word. Die datum wat in dié verband geïdentifiseer is, is 3 Junie 2026.
7. Die afgevaardigdes na die Kongres is volgens Art. 9.5.1 soos volg:
    a. Die lede van die NUR;
    b. Al die ander lede van die Provinsiale Uitvoerende Rade (PUR); en
    c. Enige opbetaalde lid mag bywoon op die voorwaardes soos gestel deur die NUR.
8. Daar word bevestig dat u reis- en akkommodasiereëlings reeds getref is en dat elke Provinsiale Sekretaris dit reeds gekontroleer het. 'n Formele kennisgewing in dié verband sal weldra aan die afgevaardigdes via elke Provinsiale Sekretaris voorsien word.

In die lig van voormelde mededeling, sal dit waardeer word indien u ook hierdie inligting aan die lede van u PUR kan voorsien.

PAUL SAUER
UITVOERENDE BEAMPTE